



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DRAMATIESE KUNSTE

MODEL 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: 20^{ste}-eeuse Teaterbewegings (30 punte)
AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 (40 punte)
AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr (40 punte)
AFDELING D: Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede (40 punte)

2. **AFDELING A**
Alle kandidate moet hierdie vraag beantwoord deur na die toneelteks wat hulle bestudeer het en die relevante 20^{ste}-eeuse teaterbeweging te verwys.

EPIESE TEATER

- | | |
|--------------------------------------|---|
| • <i>Caucasian Chalk Circle</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Kaukasiese Krytsirkel</i> | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • <i>Mother Courage</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Moeder Courage</i> | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • <i>The Good Person of Szechwan</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Kanna Hy Kô Hystoe</i> | Adam Small |

OF**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- | | |
|---------------------------------|---|
| • <i>Waiting for Godot</i> | Samuel Beckett |
| • <i>Afspraak met Godot</i> | Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks |
| • <i>Bagasie</i> | André P Brink |
| • <i>The Bald Prima Donna</i> | Eugene Ionesco |
| • <i>Die Kaalkop Primadonna</i> | Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks |

OF**POSTMODERNE TEATER**

- | | |
|-----------------------|-----------------|
| • <i>Skrapnel</i> | Willem Anker |
| • <i>Top Girls</i> | Carol Churchill |
| • <i>Popcorn</i> | Ben Elton |
| • <i>Buried Child</i> | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**
Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

- | | |
|---------------------------------------|--|
| VRAAG 2: <i>Woza Albert</i> | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon |
| VRAAG 3: <i>Sophiatown</i> | Junction Avenue Theatre Company |
| VRAAG 4: <i>Siener in die Suburbs</i> | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 5: <i>Nothing but the Truth</i>	John Kani
VRAAG 6: <i>Groundswell</i>	Ian Bruce
VRAAG 7: <i>Mis</i>	Reza de Wet

5. **AFDELING D**
Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae. In hierdie modelvraestel moet kandidate DRIE vrae soos volg beantwoord:

VRAAG 8 **OF** VRAAG 9
VRAAG 10 **EN** VRAAG 11

NOTA AAN ONDERWYSERS

AFDELING D kan elke jaar 'n ander getal vrae bevat, afhangend van die aspekte wat getoets word en die bronmateriaal wat gebruik word.

AFDELING A: 20^{ste}-EEUSE TEATERBEWEGINGS**VRAAG 1**

Beantwoord hierdie vraag deur na die toneelteks wat jy bestudeer het, asook die relevante 20ste-eeuse teaterbeweging te verwys (Teater van die Absurde **OF** Epiese Teater **OF** Postmoderne Teater).

Dui boaan jou opstel aan watter toneelteks jy bestudeer het.

Drama word vir verskillende doeleindes geskryf en geskep: om ons te raak, om ons te betrek, om ons te amuseer, om ons te vermaak, om ons in te lig, om ons te skok, om ons bewus te maak en om ons te inspireer. – Edwin Wilson, *The Theatre Experience*

Bespreek die geldigheid van die aanhaling hierbo in 'n opstel.

Jy moet ten minste DRIE van die volgende aspekte in jou opstel oorweeg oor die toneelteks wat jy bestudeer het:

- Sosiopolitieke konteks
- Temas
- Karakters
- Taal en dialoog
- Akteur-gehoor-verhouding
- Stel- en verhoogontwerp
- Intrige
- Kostuums
- Teatertegnieke
- Vertolkingstyl

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA, BARNEY SIMON

Lees die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A**WOZA ALBERT! IS 'N SPEELSE, KRAGTIGE BLIK OP APARTHEID**

Twee swart Suid-Afrikaanse skrywer-toneelspelers spot met die boosaardigheid van apartheid in hierdie uitsonderlik satiriese fantasie by die Lucille Lortel Teater. *Woza Albert!* (wat beteken 'Staan op, Albert!') bespiegel oor wat sou gebeur as Jesus na 'n hedendaagse Suid-Afrika sou terugkeer. Die koms van Morena (die Here), soos hy regdeur die 90 minuut-lange skouspel genoem word, inspireer Percy Mtwā en Mbongeni Ngema en neem hulle op komiese fantasievlugte en ook na 'n paar roerende oordenkings. 5

Fisieke energie en handeling is noodsaaklik vir die algemene impak van *Woza Albert!* Van hul opening as 'n tweeman-orke (wat al die instrumente namaak) span Mtwā en Ngema die kuns van mimiek en dans meesterlik in, in 'n reeks aksies wat wissel van die delikate presisie om garing deur 'n naald te steek, tot die moeisame taak om 'n trok vol stene te stoot. Die akteurs se kreatiewe versinsel en energie is albei eindeloos. 10

Die vermenging van elemente – satire, volkstoneel, fantasie, propaganda en handeling – saam met die deurmekaar tempo kan soms die oningeligte toeskouer effens verward laat. Maar die vindingrykheid en lewenskragtigheid van die vertolking is wonderlik, 'n huldeblyk aan die gesamentlike teaterskepping van meneer Mtwā en Ngema en regisseur-ontwerper Barney Simon. Wat hulle met twee verpakingshouers, 'n rak vol klere, 'n paar fopneuse en verbeeldingryke beligting (deur Mannie Manim) doen, herinner aan die definisie van teater as twee planke en 'n passie. 15

[Uittreksel uit *The Christian Science Monitor* deur John Beaufort, 2 Maart 1984]

- 2.1 Verduidelik waarom die titel van hierdie resensie (reël 1) akkuraat is. (3)
- 2.2 Verwys na reël 16–17: '... 'n huldeblyk aan die gesamentlike teaterskepping van meneer Mtwā en Ngema en regisseur-ontwerper Barney Simon'.
 - 2.2.1 Wat word met die term *gesamentlike teaterskepping* bedoel? (2)
 - 2.2.2 Beskryf die proses wat Mtwā, Ngema en Simon gevolg het om hierdie toneelstuk te skep. (10)
 - 2.2.3 Wat is die voordele van gesamentlike teaterskepping in 'n Suid-Afrikaanse konteks? (5)
- 2.3 BRON A is in 1984 geskryf. Bespreek tot watter mate hierdie resensie vandag steeds geldig is. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeelde uit die resensie in BRON A en die toneelstuk *Woza Albert!*. (8)

- 2.4 BRON A beskryf die opening van die toneelstuk as '... 'n tweeman-orkes (wat al die instrumente namaak)' (reël 10). BRON B hieronder is die openingsuittreksel van die toneelstuk waar dit gewys word.

BRON B

The actors enter and take their positions quickly, simply. Mbongeni sits on the tea-chests at the point they meet in the middle. Percy squats between his legs. As they create their totem, the house-lights dim to blackout.

On the first note of their music, overhead lights come on, sculpting them. They become an instrumental jazz band, using only their bodies and their mouths – double 5
bass, saxophone, flute, drums, bongos, trumpet etc. At the climax of their performance, they transform into audience, applauding wildly.

- 2.4.1 Verduidelik TWEE funksies van hierdie openingstoneel. (4)

- 2.4.2 Watter fisieke en stemtegnieke sal noodsaaklik wees vir akteurs wat hierdie uittreksel vertolk? Motiveer jou antwoord met verwysing na BRON A en BRON B. (8)

[40]**VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

PRINCESS: Ek soek haar nie hier nie. Mingus. Hoe kan jy so maak? Let this Jewish girl just move in? As jou my like, Mingus, you'll get rid of her.

MINGUS: Listen my angel, my princess, ek mnca jou, okay, but you're driving me mad. If you don't shaddup, I'll have to crack you up.

PRINCESS: How can you let her stay here? We don't know who she is. You don't 5
listen to me – you only listen to Jakes.

MINGUS: Look – you're just an American's tjerrie, and that means you shaddup and listen or I'll have to cut you up.

PRINCESS: I know about these Jewish girls from Yeoville. They're spoilt. Their fathers give them lots of money – they do what they like. They've all 10
got nannies. Well, I'm not going to be anybody's nanny.

LULU: You're just jealous.

MINGUS: Look, I brought you here. I give you dresses, I take you to bioscope, you're my princess. What else do you want?

PRINCESS: I want that Jewish girl out. 15

MINGUS: Shaddup or I'll have to cut your spinal off! I didn't bring you from your shack so you can complain.

LULU: I like her. I stared at her face all night. It glowed in the dark. It made me think of the line in this poem, 'a host of golden daffodils'. I need help with my homework.

20

- 3.1 Bespreek Mingus, Princess en Lulu se reaksies op Ruth se onverwagte aankoms in Sophiatown. (6)
- 3.2 Verduidelik wat oor Princess verklap word deur haar antwoorde aan Mingus in die uittreksel hierbo. (4)
- 3.3 Mingus gebruik frases soos 'ek mnca jou', 'shaddup' en 'crack you up' (reël 3–4). Verduidelik Mingus se taalkeuses wat in die toneelstuk gebruik word. (4)
- 3.4 Beskryf die karakter van Mingus en verduidelik waarom die skeppers van die toneelstuk verkies het om hom as verteenwoordiger van 'n sekere groep in Sophiatown in te sluit. (4)
- 3.5 Bespreek hoe jy 'n akteur wat Mingus vertolk, sal lei om sy reëls in die uittreksel hierbo fisiek en vokaal effektief uit te beeld. (8)
- 3.6 Waarom is hierdie toneelstuk 'n goeie keuse vir graad 12-leerders om in 2014 te bestudeer? (4)

Bestudeer BRON B en C hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

BRON B



[Bron: *The Daily Maverick*]

BRON C

Met die mense wat hul besittings gepak het terwyl vuurwapens op hulle gerig is, het dit minder as drie uur geneem om die eerste 110 gesinne na Meadowlands (nou deel van Soweto) te verskuif. Oor die volgende drie jaar het ander gesinne gevolg, terwyl stootskrapers die geboue om hulle platgestoot het. Dit het nie lank geneem voor die plek soos 'n bomtoneel gelyk het nie.

– Cornelius Thomas

- 3.7 Bespreek tot watter mate *Sophiatown*, die toneelstuk, die stelsel van gedwonge hervestigings wat die apartheidsregering geïmplementeer het en die uitwerking daarvan op Sophiatown se gemeenskap suksesvol voorstel. Verwys in jou antwoord na BRON A, BRON B en die toneelteks.

(10)
[40]

VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

'n Skoolproduksie van *Siener in die Suburbs*, St. Andrew's Kollege

- 4.1 Identifiseer die genre waarin *Siener in die Suburbs* val. (1)
- 4.2 Verduidelik waarom die stel hierbo vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs* geskik is. (4)
- 4.3 Noem en beskryf karakters **A**, **B** en **C**. (3 x 3) (9)
- 4.4 In BRON A het die regisseur gekies om 'n veelrassige rolverdeling te gebruik. Hoe sal hierdie rolverdeling die gehoor se siening van die oorspronklike toneelstuk verander? (6)

BRON B

MA:	Die kinders maak my partykeer baie seer oor die ding.	
GIEL:	Die watter ding?	
MA:	Oor ek nie trou nie. Oor die saamblyery.	
GIEL:	Toe maar, my meisie, hulle word ook lateraan groot. Jy moet maar vir Tjokkie laat sien oorlede Pa.	5
MA:	Ek sal nooit oor my hart kry dat hy ter wille van my moet sien nie. Die sienery maak hom baie seer, Giel. Laas was hy 'n week af siek.	
GIEL:	Ja, hy's snaaks, orraait. Eers befoeterd en dan soos 'n lap. Ek kyk hom vanmiddag so. Hy gaat weer sien, orraait. Voor Saterdag sien hy sweerlik. Hy's te opstreppeis. Voor Saterdag. Dalk vanaand nog.	10
MA:	Wil jy al weer perde toe, Giel?	

- 4.5 Verduidelik waarom Giel en Ma se verhouding een van 'saamblyery' (reël 3) bly. (3)
- 4.6 Motiveer Giel se gretigheid dat Tjokkie moet 'sien' ('n visioen moet hê). (3)
- 4.7 Verduidelik hoe jy 'n akteur wat Ma vertolk, sal lei om fisiek en vokaal reël 11 in die bron voor te dra, om haar gevoel oor Giel se aktiwiteite oor te dra. (4)
- 4.8 In ... *Siener in die Suburbs* ... beeld karakters uit die randbuurte brutale tragedie uit: liefde, verraad en dood. – Johan van Wyk

Bespreek, met redes, die geldigheid van Johan van Wyk se stelling met verwysing na twee van die temas in *Siener in die Suburbs*. Verwys na die toneelteks om jou antwoord te ondersteun.

(10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Lees die uittreksel uit *Nothing But The Truth* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

MANDISA:	Are you going to let him take what is rightfully yours?	
SIPHO:	Yes, yes. People always take things from me.	
THANDO:	I think you should go to sleep now, Daddy.	
SIPHO:	No! I've been asleep too long. People have always taken from me. When I finished high school I could not go to university. My father had no money. So I had to look for a job. I got one. Spilkin & Spilkin Attorneys wanted a clerk. I told Mr Spilkin senior that I actually wanted to be a lawyer. I would love to do articles. He said, 'Of course, but not now.' They had two young white boys who were with them and as soon as they graduated in three years' time I could start. In the meantime I could work for them as a clerk. 'We are glad to have you on board, Sifo.' 'No, Mr Spilkin, it is not <i>Sifo</i> , Siphoh. 'What's the difference,' he asked. ' <i>Sifo</i> means a disease, Mr Spilkin, and Siphoh means a gift and that is my name.' Like a deliberate curse, that's what he called me from that day onwards, <i>Sifo</i> , a disease.	5 10 15
THANDO:	I've heard this story before.	
MANDISA:	How long did you stay there?	
SIPHO:	For three years. When I told Mr Spilkin that I was ready to start my articles he said he was sorry they had already decided to take two new white articulated clerks. Anyway I was doing a very good job now, he said. Then I heard that they were looking for someone, someone black, at Port Elizabeth public library to train as an assistant librarian. I left Spilkin & Spilkin Attorneys. I got the job at the library. Mrs Meyers was very impressed with my English. She said that with such good English I would go far in her library. So Spilkin & Spilkin Attorneys took my one chance. I really wanted to be a lawyer.	20 25

- 5.1 Verduidelik hoe Siphoh se stelling, 'People always take things from me' (reël 2), deur sy verlede ondersteun word. (4)
- 5.2 Watter gebeurtenis het daartoe gelei dat Siphoh in hierdie toneel aan sy verlede terugdink? (2)
- 5.3 Waarom sê Thando: 'I think you should go to sleep now, Daddy' (reël 3)? (2)

- 5.4 Hoe sou 'n akteur wat Sipho vertolk, reël 4–15 vokaal en fisiek kon vertolk om sy bitterheid effektief oor te dra? (6)
- 5.5 Bespreek hoe die titel *Nothing But The Truth* Sipho se persoonlike reis in die toneelstuk beklemtoon. (5)
- 5.6 As 'n regisseur van hierdie toneelstuk, watter kostuums sou jy vir beide Thando en Mandisa kies om die verskille in hul persoonlikhede realisties te beklemtoon? (6)
- 5.7 Regverdig Sipho se oortuiging dat beide die apartheid- en die post-apartheid-regerings hom in die steek gelaat het. (5)
- 5.8 Bespreek hoe die temas van vergifnis en versoening op beide 'n persoonlike en politieke vlak in die toneelteks verken word. (10)
- [40]**

VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

By 'n strandoord aan die ruwe Weskus van Suid-Afrika beplan twee mans om hul alleenloper-gas te oortuig om in hul diamantmynskema te belê. Die drie mans raak vasgevang in 'n magstryd wat deur gierigheid en desperaatheid vererger word en hulle sal enigiets doen vir 'n kans op 'n beter lewe. *Groundswell* is 'n onvergeetlike, sielkundige riller wat 'n uitdagende blik gee op 'n samelewing wat steeds deur sy verdeelde verlede geteister word. 5

– Old Globe Theatre *Groundswell*

- 6.1 Beskryf EEN 'magstryd' (reël 3) wat in die toneelstuk uitgebeeld word. (6)
- 6.2 Bespreek die akkuraatheid van die stelling '*Groundswell* is 'n onvergeetlike, sielkundige riller wat 'n uitdagende blik gee op 'n samelewing wat steeds deur sy verdeelde verlede geteister word' (reël 4–6). Verwys in jou antwoord na die toneelteks as 'n geheel. (6)

BRON B


JOHAN: (*Not looking at Thami.*) I'm sorry, Thami. (*Long pause*)

THAMI: (*Approaches Johan.*) I know you are sorry. (*He swiftly removes the credit card from Johan's shirt pocket. He holds out his hand.*) The keys. (*Johan looks up at him.*) Give them to me. (*Johan clutches the keys, tightly. Thami forcefully pries them out of his reluctant fingers.*) Okay. Now go. Hamba! 5
(*Johan stands up slowly, walks towards the stoep door.*)

JOHAN: (*Turns to Thami.*) And you? What are you going to do?

THAMI: I'll be here.

- 6.3 Waarom sê Johan 'I'm sorry' (reël 1)? (4)
- 6.4 Verduidelik die betekenis van die kredietkaart en sleutels wat in BRON B genoem word. (4)
- 6.5 Wat is die funksie van die gedetailleerde verhooginstruksies in skuinsdruk in BRON B? (4)
- 6.6 Hoe sal jy toonhoogte, volume en tempo gebruik om reël 8 te vertolk om die veranderde verhouding tussen Thami en Johan te beklemtoon? (6)

BRON C

***Groundswell*, voorblad van toneelteks**

- 6.7 Bespreek tot watter mate BRON C gepas is vir die voorblad van *Groundswell* se toneelteks. (10)
[40]

VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

Die instruksies hieronder word aan die begin van *Mis* gegee.

Effekte: Die sirkusmusiek is baie belangrik en word altyd gehoor wanneer die agterdeur oopgemaak word. Daar moet onderskeid getref word tussen 'n sagte 'hulwind' en die 'vlae wind' soos in die teks aangedui. Die veraf geblaf van polisiehonde is by tye hoorbaar.

- 7.1 Bespreek hoe die klankeffekte wat deur die dramaturg voorgestel word, tot die spanning en afwagting in die toneelstuk bydra. (6)

BRON B

MIEM: Wat was dit!

MEISIE: Wat, Ma?

MIEM: Sjuut! Ek het gedink ek hoor iets. (*Sit vooroor en luister aandagtig. Sug en sit agteroor*). Dis seker maar net die wind. (*Lieftallig en gerusstellend aan MEISIE.*) Takke wat krap op die dak. Dis maar al. (*MEISIE hou op werk en luister.*) En jy moet vinniger werk. Jy sal nooit klaar kry nie. 5

MEISIE: Ja, Ma. (*Hulle werk vir 'n oomblik in stilte. MIEM tel haar voet op en laat dit op die stoel rus.*)

MIEM: Ja-nee. Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral. (*Skud haar kop en sug diep. Werk dan verder. Na 'n stilte*) Daar is mense 10 wat sê dat dit iets ... bonatuurliks is.

MEISIE: (*Bang*) Hoe meen Ma nou?

MIEM: (*Onheilspellend*) Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ... op soek na bevrediging ... van onaardse drange.

MEISIE: O, dis verskriklik. 15

- 7.2 Waarom is dit so belangrik dat Meisie 'klaar kry' (reël 6)? (2)
- 7.3 Verduidelik, met redes, waarom Miem vir Meisie waarsku dat 'Die gevaar is oral' (reël 9). (4)
- 7.4 Bespreek hoe die onderliggende godsdienstige oortuigings van hierdie konserwatiewe gemeenskap duidelik is in reël 13–15. (5)

- 7.5 Verduidelik hoe jy toonhoogte, volume en tempo sal gebruik om Miem in reël 9–11 en reël 13–15 te vertolk om 'n atmosfeer van vrees en fantasie in die toneelstuk te skep. (3 x 3) (9)
- 7.6 Beskryf hoe Meisie se antwoorde aan haar ma (reël 2, 8, 12 en 16) haar karakter onthul. (4)
- 7.7

Mis is 'lig, amusant en toksies'.
– Marthinus Basson
- Bespreek tot watter mate die karakters en inhoud in *Mis* as 'lig, amusant en toksies' beskryf kan word. (10)
[40]
- TOTAAL AFDELING C: 40**

AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9. Beantwoord slegs EEN van die vrae.

VRAAG 8

8.1 Realisme het die 20^{ste} eeu gedomineer.

8.1.1 Verduidelik die term *realisme*. (2)

8.1.2 Noem die verhoogtype en -stel wat algemeen in realisme gebruik word. (2)

8.1.3 Verduidelik die akteur-gehoor-verhouding wat deur hierdie dekorstel en verhoog geskep word. (4)

8.2 Teen 1960 was apartheid goed gevestig in Suid-Afrika. Bespreek hoe die segregasiewette in Suid-Afrika teater beïnvloed het. Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Teaterruimtes en -fasiliteite
 - Temas en inhoud van toneelstukke
 - Vertolking- en toneelspelstyle
- (12)
[20]

OF

VRAAG 9

9.1 In die 20^{ste} eeu was daar baie veranderinge wat in die teaterbewegings gemanifesteer het. Bespreek in 'n paragraaf EEN van die volgende 20^{ste}-eeuse bewegings:

- Simbolisme
 - Ekspressionisme
 - Futurisme
 - Konstruktivisme
 - Dadaïsme
 - Surrealisme
- (10)


9.2 In post-apartheid (ná 1994) Suid-Afrika is teater as 'n instrument vir sosiopolitieke opheffing gebruik. Beskryf in 'n paragraaf die agenda (kwessies) en temas van EEN van die volgende kontemporêre Suid-Afrikaanse teatervorme:

- Teater vir versoening
 - Teater vir identiteit
 - Teater vir ontwikkeling
 - Teater as maatskaplike kommentaar
 - Teater as politieke kommentaar
- (10)
[20]

VRAAG 10 en 11 is VERPLIGTEND. Beantwoord BEIDE vrae.

VRAAG 10

BRON A



**'n Foto van die produksie *Blood Will Have Blood*, 2004,
Ubom!-teatergeselskap**

10.1 Bespreek die doeltreffendheid van die volgende teater tegnieke wat in BRON A getoon word:

- | | | |
|--------|-----------|-----|
| 10.1.1 | Beligting | (2) |
| 10.1.2 | Skerms | (3) |
| 10.1.3 | Gewere | (2) |

10.2 Verduidelik, met redes, EEN verandering wat die Ubom!-teatergeselskap sal moet aanbring as hulle die produksie in BRON A na 'n skool- of gemeenskapsaal wil skuif. Verduidelik ook in jou antwoord hoe dit die opvoering kan beïnvloed.

(3)
[10]

VRAAG 11

Selfassessering en portuurassessering is noodsaaklik in die proses om jou finale program vir 'n opvoering te skep.

- | | | |
|------|--|--------------------|
| 11.1 | Wat word bedoel met die term <i>selfassessering</i> ? | (1) |
| 11.2 | Wat word bedoel met die term <i>portuurassessering</i> ? | (1) |
| 11.3 | Bespreek die waarde van self- en portuurassessering ter voorbereiding vir 'n opvoering op skoolvlak. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeelde uit jou praktiese/opvoeringservaring. | (8)
[10] |

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150